

29 April 2023

AMAGP : VOORLEGGING OOR DIE WYSIGINGSWETSONTWERP OP FINANSIËLE AANGELEENTHEDE (B20-2022)

Twee klein pensioenfondse almalgameer met die GEPF. Dit is algemene bekend dat die GEPF die grootste pensioenfonds in Suid Afrika is. Die GEPF het ontstaan in 1996 met die Government Employees Pension Law wat die pensioenfondse van staatsamptenare van Suid Afrika en die destydse tuislande (Transkei, Ciskei, Venda en Bophutatswane) in een fonds saamgesmelt het. Daar bestaan egter verskeie kleiner pensioenfondse vir staatsamptenare op grond van verskeie wette wat dateer uit die 1960's en wat nie deel was van bogenoemde proses nie.

Twee van hierdie fondse is die Associated Institutions Pension Fund (AIPF) en die Temporary Employees Pension Fund (TEPF) Konsepwetgewing word nou deur die Parlement geloots (tans oorweeg binne parlementêre komitees) wat ten doel het om hierdie twee fondse met die GEPF te laat saamsmelt.

AMAGP het toegang gekry tot navorsing deur die Tessorie wat die wenslikheid van bogenoemde oorweeg. Ons is oortuig dat die beplande samesmelting in die beste belang van almal sal wees. Ons het dus aan die Parlement se Staande Komitee oor Finansies ons ondersteuning van die proses oorgedra. Die volgende feite het aanleiding gegee tot ons ondersteuning:

- Die gesamentlike waarde van AIPF en TEPF is minder as 1% van die waarde van die GEPF.
- Beide pensioenfondse is volkome solvent.
- Hul gesamentlike aktiewe sowel as pensioenaris-lede is maar 0.47% van die GEPF lede + pensioenarisse.
- Al drie pensioenfondse word reeds deur die Government Pensions Administration Agency (GPAA) geadministreer.
- Die voordele van die AIPF en TEPF lede sal in wese dieselfde bly.
- Die besonderhede sal deur die GPAA aan AIPF en TEPF lede verduidelik word.
- Die proses sal nog 'n tyd neem om te voltooi omdat dit deur beide die komitee-en-parlementêre prosesse moet gaan en daarna moet dit deur die President onderteken word.